



Vak: Graad 9 Sosiale Wetenskappe (Geografie)
Onderwerp: Sosiale Wetenskappe (Geografie): Kwartaal 2 -
Eksamen 1
Totaal: 115 Punte

Naam: _____
Datum: _____

Hierdie teks verwys na die volgende vrae: 1, 2, 3

Die Menslike Ontwikkelingsindeks (MOI)

Die Menslike Ontwikkelingsindeks gebruik **vier aanwysers** om menslike ontwikkeling te meet:

1. Om gesondheid te meet – **lewensverwagting** by geboorte.
2. Om opvoeding te meet – die **gemiddelde jare van opvoeding** wat volwassenes bo 25 ontvang het.
3. Om opvoeding te meet – die aantal **verwagte jare van opvoeding** wat skoolgaande kinders kan verwag.
4. Om lewenstandaard te meet – **Bruto Nasionale Produk** per capita (BNP).

Gebasseer op die land se telling word elke land 'n rang tussen 0 en 1 gegee. 'n MOI wat naby aan 1 is wys 'n hoogs onwikkelde land waar die gemiddelde persoon 'n hoë lewenstandaard geniet. 'n Laer MOI nader aan 0 dui 'n minder onwikkelde land aan waar lewensgehalte laag is.

'n MOI telling van hoër as 0,70 word as hoog beskou, tussen 0,50 en 0,70 as middelmatig en tussen 0 en 0,49 is laag. 189 lande was op die MOI Verslag van 2017 gelys, met 'n paar wat as gevolg van 'n gebrek aan data nie gelys is nie. Die land eerste op die lys was Norweë en Niger was laaste.


Die volgende tabel wys die top 15 lande, die laaste land op die lys, en waar Suid-Afrika op die lys was:

Menslike Ontwikkelingsindeks 2017

Naam van land:	MOI Telling
1. Noorweë	0,953
2. Switserland	0,944
3. Australië	0,939
4. Ierland	0,938
5. Duitsland	0,936
6. Ysland	0,935
7. Hongkong, China	0,933
7. Swede	0,933
9. Singapoer	0,932
10. Nederland	0,931
11. Denemarke	0,929
12. Kanada	0,926
13. Verenigde State	0,924
14. Verenigde Koninkryk	0,922
15. Finland	0,920
113. Suid-Afrika	0,699
189. Niger	0,354



Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 1



Vraag 1: Voltooi Die Ontbrekende

8 punte

Verwys na die MOI kaart en die tellings in die artikel:

Volgens die kaart het Rusland 'n (1) MOI telling, maar nie soos hoog soos (2) , met 'n MOI telling van 0,933 nie. Soos baie ander Afrika-lande, het die Demokratiese Republiek van die Kongo 'n MOI telling van (3) . Volgens die indeks van 2017 het Suid-Afrika 'n MOI telling van (4) gehad.

Opsies is: hoë | lae | Switzerland | Swede | Norweë | minder as 0,48 | meer as 0,48 | 0,699 | 0,932

1	
3	

2	
4	

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 2



Vraag 2: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Watter aspek van ontwikkeling word NIE by die MOI ingesluit nie?

Gebruik slegs **een woord** om die vraag te beantwoord.

Vraag 3: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Watter land het volgens hierdie indeks van 2018 'n MOI telling van 0,938?

Tik slegs die **naam van die land**.

Hierdie teks verwys na die volgende vrae: 4, 5

Vergelyking van ontwikkeling tussen Suid-Korea en Ethiopië

Die volgende tabel vergelyk ontwikkelingsaanwysers vir Ethiopië en Suid-Korea. Ethiopië is 'n ontwikkelende land en Suid-Korea is tot onlangs ook as een beskou, maar daar is ooglopende verskille tussen die twee lande.



Ontwikkelingsaanwyser	Ethiopië	Suid-Korea
BNP per capita (US \$)	357	7970
Dokters per 100 000 mense	3	127
Volwasse geletterdheid (%)	39	98
Geboortekoers per 1000	42	15
Lewensverwagting (jaar)	56	72

Moontlike redes vir die ontwikkelingsverskille:

Ethiopië


Ethiopië is 'n land met min natuurlike hulpbronne. Dit is ook naby die ewenaar geleë en ervaar dikwels droogtes en oorstromings. Sy ekonomie word op bestaansboerdery met gronddegradasie gebaseer. Die regering is arm en diep in die skuld. As gevolg van burgeroorloë is die regering onstabiel en korrupt. Die bevolking lewe in armoede met swak gesondheid en endemiese siektes soos MIV/VIGS wat ontwikkeling verhoed. Daar is lae standaarde van behuising, sanitasie en opvoeding en 'n gebrek aan industriële ontwikkeling.

Suid-Korea

Suid-Korea het baie natuurlike hulpbronne en se ligging is ideaal vir maklike uitvoer van goedere na ekonomies sterk lande (VSA, Japan, China). Die land is aantreklik vir buitelandse beleggers en sy rykdom word op industriële groei gebaseer. Die rykdom word in behuising, gesondheid, sanitasie en kos herbelê. Suid-Korea het 'n groot, lae-koste arbeidsmag wat goed-opgelei en vindingryk is. Die regering ondersteun die bevolking en is polities veilig en stabiel. Bevolkingsgroei in Suid-Korea is onder beheer.

(Vertaal vanaf 'n artikel op www.bbc.com)

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 4



Vraag 4: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Daar is slegs 3 dokters per 100 000 mense in Ethiopië en endemiese siektes soos MIV/VIGS kom algemeen voor.

Die ontwikkelingsfaktor wat hiermee verband hou is

Tik slegs die **DRIE WOORDE** wat die sin voltooi.

--

Vraag 5: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

Die geboortekoers per 1 000 mense in Ethiopië is (1) dié van Suid-Korea, maar die lewensverwagting in Ethiopië is (2) dié van Suid-Korea.


Opsies Is: dieselfde as | meer as | minder as | gelyk aan

1	
----------	--

2	
----------	--



Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 6



Vraag 6: Veelvuldige Keuse

4 punte

Hierdie grafiek verteenwoordig

- | | |
|----------|--|
| A | 'n lae, vrystaande heuwel |
| B | 'n koppie |
| C | 'n krans |
| D | 'n lae, vrystaande heuwel EN 'n koppie |

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 7



Vraag 7: Veelvuldige Keuse

4 punte

Bestudeer die topografiese kaart van Vereeniging. Kyk na die woongebiede van President Park, Lewis Park en Kings Park.

Hoeveel kerke kan in hierdie woongebiede gevind word?

A	4
B	2
C	10
D	7

Hierdie teks verwys na die volgende vrae: 8, 9

Gooi regverdige handel in jou volgende koffiebrouery

Ons het almal ons voorkeur koffiebrou - 'n sterk espresso, 'n "flat white", 'n Americano of miskien 'n skuimende cappuccino. Dink aan die oorsprong van die koppie koffie in jou hand, terwyl jy jou kafeïen-skop geniet, en tyd neem om na te dink oor die proses van boontjies tot koppies, op World Fair Trade Day

(Wêreld Regverdige Handelsdag), 11 Mei.

“Fairtrade” (Regverdige Handel) is 'n handelsvennootskap wat gemik is op gelyke internasionale handelspraktyke gebaseer op deursigtigheid, dialoog en respek. Afgesien van die betaling van 'n regverdige prys vir 'n produk, ondersteun dit ook regverdige werksomstandighede en volhoubare ontwikkeling, veral in die ontwikkelende wêreld.

Regverdige Handel is daarop gemik om die ongeregtighede van konvensionele handel wat gewoonlik teen die kleinste en armste produsente diskrimineer, aan te spreek. Afgesien van koffie, bevat Regverdige handelsprodukte wyn, tee, sjokolade, katoen en ander voedselitems.

Die eerste koffierooster van gesertifiseerde Regverdige Handel-koffie in SA was Bean There Coffee Company. Die maatskappy is in 2005 gestig deur Jonathan Robinson en streef daarna om 'n volhoubare verskil in die lewens van Afrikaanse koffieprodusente te maak.

Robinson sê dat hy op die Regverdige Handel-model verlief geraak het nadat hy in 2002 gereis het. “Bean There bestaan hoofsaaklik vir Regverdige Handel – dit was die belangrikste inspirasie vir my om te begin. Dit is deel van ons DNA.”

Regverdige Handel het sy oorsprong in 'n tyd toe die wêreldkoffiepryse baie laag was. Begin deur die Fairtrade Foundation (Fairtrade-stigting) in die laat tagtigjare, en is gestig om 'n minimum prys op te stel vir koffie wat die produksiekoste kan dek en as 'n veiligheidsnet kan dien wanneer markpryse onder 'n volhoubare vlak daal.

Die Regverdige handel-premies wat Bean There en ander Regverdige Handel koffiemaatskappye betaal, word gebruik om in sake- en gemeenskapsverbeterings te belê. Volgens die Regverdige Handel-stigting se webwerf: “Regverdige Handel-koffieboere moet minstens 25% van die Regverdige Handel-premie gebruik om produktiwiteit en kwaliteit te verhoog, byvoorbeeld deur in verwerkingsfasiliteite te belê.”

Robinson verduidelik: “Regverdige Handel is nie liefdadigheid nie; dit gaan daaroor om [mense] regverdig te betaal vir 'n produk wat hulle produseer. As jy mense goed betaal, en hulle belê dit in die verwerking, lei dit tot die verbetering van kwaliteit.”

By die keuse van die boontjies wat vir die vervaardiging van hul koffie gebruik word, maak Bean There geen afbreuk aan kwaliteit koffie nie.

“Net soos met alles, kan jy 'n verskeidenheid kwaliteit binne Regverdige Handel koop. Ons sakemodel word gedryf deur koffie van hoë gehalte. As ons koffie aan die kliënt verkoop, sê ons 'Koop ons koffie, want dit is ongelooflik', en Regverdige Handel is deel daarvan.” sê Robinson.

As die etiese redes rondom die ondersteuning van ‘Regverdige Handel-koffie’ nie voldoende lyk nie, moet jy die feit in ag neem dat die wêreldwye koffiepryse in 2018 tot die laagste in byna 13 jaar gedaal het, met baie koffieboere wat wonder of dit steeds die moeite werd is om voort te gaan in 'n bedryf wat waarskynlik hul families vir geslagte lank onderhou het.

Omdat die prys wat betaal word vir ‘Regverdige Handel-koffie’ op 'n minimum gestel word om die uitbuiting van boere te vermy, kan ‘Regverdige Handel-koffie’ effens duurder wees as ander koffiesoorte wat in winkels beskikbaar is.

Robinson versoek verbruikers om die volgende te oorweeg wanneer hulle koffie koop: die etiket rondom die betaal van 'n billike prys vir die koffie wat jy drink, en die gehalte van die koffie.

In kort: “Koop regtig goeie koffie, die lewe is kort!”

Vertaal uit die

bron: <https://www.businesslive.co.za/bd/life/2019-05-09-throw-fair-trade-into-your-next-coffee-brew/>

Vraag 8: Waar/Onwaar

2 punte

Bean There Coffee Company is nie 'n Regverdige Handel-onderneming nie.

WAAR

ONWAAR

Vraag 9: Voltooi Die Ontbrekende

8 punte

Lees die artikel en kies die korrekte woorde.

Regverdige Handel is 'n voorbeeld van 'n (1) handelsooreenkoms. Dit is omdat dit 'n (2) prys betaal vir 'n produk. Dit ondersteun ook regverdige (3) omstandighede en (4) ontwikkeling.


Opsies is: buit | gelyke | ongelyke | regverdige | partytjie | werk | volhoubare | nie-hernubare

1	
3	

2	
4	



Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 10, 11



Vraag 10: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Op hierdie foto van 'n stedelike gebied, is gebied ... 'n hoër digtheid residensiële area.

Gee jou antwoord as 'n enkele letter.

Vraag 11: Veelvuldige Keuse

4 punte

Gebied C kan geklassifiseer word as 'n

- | | |
|----------|--------------------|
| A | industriële gebied |
| B | residensiële area |
| C | ontspanningsgebied |
| D | landbougebied |

Vraag 12: Veelvuldige Keuse

4 punte

Industrialisering het lande regoor die wêreld gehelp om hul bruto binnelandse produk (BBP) te ontwikkel en te verhoog, maar dit het negatiewe gevolge gehad.

Kies die opsie wat 'n **negatiewe** effek van industrialisasie as 'n weg na ontwikkeling is.

- | | |
|----------|--|
| A | Plaaslike gemeenskappe word van werk voorsien. |
| B | Afvalstowwe word in riviere gepomp. |
| C | Werkers in fabrieke ontvang vaardigheidsopleiding. |
| D | Werkers ontvang 'n gereelde salaris en kan vir hul gesinne sorg. |
-

Vraag 13: Waar/Onwaar

2 punte

Klimaat is 'n omgewingsfaktor wat nie 'n land se ontwikkeling kan beïnvloed nie.

WAAR	ONWAAR
-------------	---------------

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 14, 15, 16, 17





Vraag 14: Waar/Onwaar

2 punte

Bestudeer die ortofoto van Harrismith.

Die land suidwes van die dam is baie steil en is tussen twee hoofpaaie geleë.

WAAR

ONWAAR

Vraag 15: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Bestudeer die ortofoto van Harrismith. Daar is 'n skool in die suidelike deel van die foto (4).

Die waarde van die **kolhoogte** wat naby die skoolgebou geleë is, is ... m.

Tik slegs die **nommer**.

--

Vraag 16: Voltooi Die Ontbrekende

8 punte

Bestudeer die ortofoto van Harrismith.

Die gebied om **F** kan as 'n (1) geïdentifiseer word. Die (2) patroon van die (3) is 'n goeie aanduiding, want grondgebiede word dikwels in (4) gedeel wanneer dit aan voornemende kopers verkoop word.

Opsies is: erwe | rooster | woongebied | paaie | vierkant | industriële gebied | land

1	
3	

2	
4	

Vraag 17: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Omringde nommers en letters is op hierdie ortofoto van Harrismith bygevoeg om aandag na spesifieke kenmerke te trek.

Jy is op soek na 'n stuk grond om op te bou. Jy benodig 'n erf groot genoeg vir ses huise met groot tuine, sowel as pragtige uitsigte. Waar sal jy bou?


Watter een van die volgende opsies is die beste geskik vir hierdie vereistes: **A, D, E** of **F**?

Tik slegs die **letter**.

--



Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 18



Vraag 18: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Hierdie land is 'n groot eiland naby die kus van Oos-Afrika in die Indiese Oseaan. Dit het 'n BBP per capita van 2 000 - 5 000 dollar.

Tik slegs die **naam van die land**.

Hierdie teks verwys na die volgende vrae: 19

Suid-Korea se vinnige ekonomiese ontwikkeling

1. Suid-Korea het een van die grootste **ekonomiese transformasies** van die afgelope 60 jaar ervaar. Dit het in die 1960's as 'n landbou-gebaseerde ekonomie begin en het in 2016 die 11ste grootste ekonomie ter wêreld in terme van bruto binnelandse produk (BBP) geword. Suid-Korea is bekend vir sy skouspelagtige opkoms van een van die armste lande in die wêreld na 'n ontwikkelde, hoë-inkomste land in slegs 'n paar generasies, wat as "die Wonderwerk op die Hanrivier" beskryf word.
2. Verskeie studies toon dat Suid-Korea se bereidwilligheid om buitelandse markte te aanvaar die rede is vir sy groot sukses. Vandag is Suid-Korea die 7de grootste **invoerder** en 7de grootste **uitvoerder** in die wêreld.

Twee ander faktore het tot die toename in buitelandse **handel en industrialisering** in Suid-Korea bygedra:

- 'n Verbetering in die besigheidsomgewing
 - Beleide wat belegging in innovasie aanmoedig
3. 'n Sterk **besigheidsomgewing** veroorsaak groei in die binnelandse markte en trek buitelandse beleggers. Suid-Korea word baie hoog gerang in die begin van nuwe besighede en die handhawing van kontrakte. Al hierdie faktore speel 'n belangrike rol in die aanmoediging van belegging, opvoeding, produksie, kommunikasie en ekonomiese groei.

4. Suid-Korea het ekstra aandag aan **tegnologiese ontwikkeling en innovasie** gegee om groei te bevorder. Innovasie en tegnologie is belangrike faktore wat Suid-Korea 'n mededingende uitvoerder gemaak het.
5. Die groei van die **industriële sektor** is nog 'n belangrike deel van Suid-Korea se ontwikkeling. Seoel se industrialiste het moderne tegnologieë in ou en nuwe fasiliteite bekendgestel, produksie van kommoditeite vermeerder en die wins vir verdere industriële uitbreiding gebruik.
6. Suid-Korea se streng **opvoedingstelsel** en die vestiging van 'n hoogs-gemotiveerde en opgevoede bevolking is ook verantwoordelik vir die land se hoë **tegnologie**-oplewering en ekonomiese ontwikkeling. Ten spyte van die land se gebrek aan natuurlike hulpbronne en menslike oorbevolking in sy klein gebied, het Suid-Korea 'n uitvoer-georiënteerde ekonomiese strategie aangepas om sy ekonomie te vermeerder.
7. Suid-Korea spandeer nou die grootste deel van sy BBP op **navorsing en ontwikkeling** (N & O), selfs groter as die VSA en Japan. Suid-Korea was een van die min ontwikkelde lande wat tydens die globale finansiële krisis 'n resessie kon vermy.
8. Suid-Korea se nabye ligging aan Noord-Korea kan negatiewe effekte op die land se ekonomie hê in terme van **politieke stabiliteit**. Noord-Korea, 'n kommunistiese land, is gedurig in politieke konflik met ander lande, veral die VSA. Hierdie konflik veroorsaak onrus onder die bevolking, want mense is onseker wat sal gebeur as hul leier oorlog teen 'n ander land sou verklaar. Daarom is daar die risiko dat Noord-Koreaners na Suid-Korea sal vlug as dinge in hul eie land begin skeef loop.

(Vertaal vanaf "On the Economy" blog en Wikipedia, Mei 2019)

Vraag 19: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

Kies die korrekte afkortings vir die volgende konsepte:

Bruto Binnelandse Produk - (1) .

Navorsing en Ontwikkeling - (2) .


Opsies Is: BNP | BBinP | BBP | NO | N & O

1	
----------	--

2	
----------	--

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 20, 21





Vraag 20: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Bestudeer die kaart van Jeffreysbaai. Hoeveel skole is daar in hierdie gebied?

Tik slegs die NOMMER.

Vraag 21: Veelvuldige Keuse


4 punte

Topografiese kaarte dui hoogte aan met

- | | |
|----------|------------------------|
| A | Punthoogtes |
| B | Kontoerlyne |
| C | Trigonometriese bakens |
| D | Maatstawwe |
| E | Al die bogenoemde |
-



Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 22



Vraag 22: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Bestudeer die diagram.

Kyk na die dwarsnit tussen A en B wat 'n laegeleë gebied tussen twee punte aandui.

Gee die geografiese naam van hierdie landvorm.

Gebruik slegs **een woord** om die vraag te beantwoord.

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 23, 24, 25



Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 23, 24, 25

REFERENCE		VERKLARING
National Freeway; National Route		Nasionale Deurpad; Nasionale Roete
Arterial Route		Hoofverkeersroete
Main Road		Hoofpad
Secondary Road; Bench Mark		Sekondêre Pad; Hoogtemerk
Other Road; Bridge		Ander Pad; Brug
Track and Hiking Trail		Dowwe Pad en Voetslaanpad
Railway; Station or Ciding		Spoorneg; Stasie of Sylyn
Other Railway; Tunnel		Ander Spoorweg; Tonnel
Embankment; Cutting		Opvulling; Deurgrawing
Power Line		Kraglyn
Built-up Area (High, Low Density)		Beboude Gebied (Hoë, Laë Digtheid)
Buildings; Ruin		Geboue; Mursie
Post Office; Police Station; Store		Poskantoor; Polisieostasie; Winkel
Place of Worship; School; Hotel		Plek van Aanbidding; Skool; Hotel
Fence; Wall		Draadheining; Muur
Windpump; Monument		Windpomp; Monument
Communication Tower		Kommunikasietoring
Mine Dump; Excavation		Mynhoop; Uitgraving
Trigonometrical Station; Marine Beacon		Peilbaken; Seevaartbaken
Lighthouse and Marine Light		Vuurtoring en Seevaartlig
Cemetery; Grave		Begraafplaas; Graf
International Boundary and Beacon		Internasionale Grens en Baken
Provincial Boundary		Provinsiale Grens
Protected Area		Bewarings Gebied
Perennial River		Standhoudende Rivier
Perennial Water		Standhoudende Water
Non-perennial River		Nie-standhoudende Rivier
Non-Perennial Water		Nie-standhoudende Water
Dry Water Course		Droë Loop
Dry Pan		Droë Pan
Marsh and Vlei		Moeras en Vlei
Pipeline (above ground)		Pyplyn (bo die grond)
Water Tower; Reservoir; Water Point		Watertoring; Reservoir; Waterpunt
Coastal Rocks		Kuslynrotse
Prominent Rock Outcrop		Prominente Klipbank
Erosion; Sand		Erosie; Sand
Woodland		Beboste Gebied
Cultivated Land		Bewerkte Land
Orchard or Vineyard		Boord of Wingard
Recreation Ground		Ontspanningsterrein
Row of Trees		Rye Bome

Vraag 23: Veelvuldige Keuse

4 punte

Die residensiële areas op die topografiese kaartekstrak van Stellenbosch kan deur die gryskleur geïdentifiseer word. Die patroon van hierdie residensiële areas kan beskryf word as naby aan

- | | |
|----------|---------------------------------|
| A | voetpaadjies en spore |
| B | nasionale paaie |
| C | hoofpaaie en hoofverkeersroetes |
| D | voetslaanpaaie |
-

Vraag 24: Veelvuldige Keuse

4 punte

Die omgewing rondom Stellenbosch is 'n landbougebied. Verskeie kenmerke op die kaart dui dit aan. Kies die funksie wat dit nie aandui nie en **nie waar** is vir Stellenbosch **nie**.

- | | |
|----------|--------------------|
| A | boorde en wingerde |
| B | damme |
| C | uitgrawings |
| D | bewerkte land |
-

Vraag 25: Voltooi Die Ontbrekende

8 punte

Stellenbosch het om baie redes as 'n dorp ontwikkel. Met behulp van die topografiese kaartuittreksel kan ons enkele van hierdie redes aflei.

Stellenbosch is geleë langs 'n (1). Daar is heelwat (2) in die gebied wat aandui dat dit 'n dorp is wat die (3) gemeenskap, wat dit omring, bedien. Vandag is dit ook 'n gebied waar baie (4) by 'n punt aansluit.

Opsies is: oseaan | rivier | paaie | lyne | boerdery | nywerhede | plase

1	
3	

2	
4	




Vraag 26: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Gemeenskapsgebaseerde inisiatiewe is 'n voorbeeld van 'n ... ontwikkelingsbenadering.

Gee jou antwoord as slegs **een** woord.

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 27

**Vraag 27: Skryf Jou Antwoord**

3 punte

Die hoogteverskil tussen punt A en punt B is ... meter.

Tik **net die nommer**.

Vraag 28: Waar/Onwaar

2 punte

Dit is moontlik dat daar 'n verskil in ontwikkelingsvlakke tussen stedelike en landelike gebiede van dieselfde land kan wees.

WAAR**ONWAAR****Vraag 29: Voltooi Die Ontbrekende**


4 punte

Twee sosiale aanwysers van ontwikkeling is (1) , wat na die aantal jaar wat die gemiddelde persoon kan verwag om te lewe verwys en (2) , wat na die persentasie van die land se bevolking wat kan lees en skryf verwys.

Opsies Is: kindersterftes | geboortekoers | lewensverwagting | leesvlakke | geletterdheidsvlakke | begripsvaardighede

1**2**

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 30



Vraag 30: Waar/Onwaar

2 punte

Die kontoerintervalle op 'n 1:50 000 topografiese kaart is 50 meter.

WAAR

ONWAAR

Totaal: 115 Punte